**PASIËNTINLIGTINGSPAMFLET**

**SKEDULERINGSTATUS S2**

**LORFAST**

Loratadien

Suikervry

**Lees hierdie hele pamflet sorgvuldig deur voordat jy LORFAST begin gebruik**

LORFAST is beskikbaar sonder ’n dokter se voorskrif vir die behandeling van ’n ligte siektetoestand. Nietemin moet jy LORFAST versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te kry.

- Hou hierdie pamflet. Jy mag dit weer moet lees.
- Moenie LORFAST met enige ander persoon deel nie.
- Vra jou apteker indien jy meer inligting of advies nodig het.
- Jy moet ’n dokter sien indien jou simptome vererger of nie verbeter nie.

**Wat is in hierdie pamflet**


1. Wat LORFAST is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy LORFAST neem
3. Hoe om LORFAST te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om LORFAST te bewaar
6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

## 1. Wat LORFAST is en waarvoor dit gebruik word

LORFAST is ’n antihistamien wat gebruik word om die simptome van hooikoors en ander tipes allergieë te verlig. Dit werk deur die effekte van ’n stof genaamd, histamine, wat deur die liggaam vervaardig word, te blokkeer.

LORFAST word ook gebruik vir die behandeling van chroniese urtikarie, wat ’n aanhoudende galbult-agtige uitslag is.

## 2. Wat jy moet weet voordat jy LORFAST neem

**Moenie LORFAST neem nie:**

- as jy hipersensitief (allergies) is vir loratadien of enige van die ander bestanddele van LORFAST (soos in afdeling 6 gelys).
- as jy al ooit ’n ongewone of allergiese reaksie op antihistamiene gehad het.
- as jy ’n seldsame bloedpigmentafwyking het, bekend as porfirie.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Tref spesiale voorsorg met LORFAST:**

- as jy lewersiekte het.
- as jy niersiekte het.
- as jy emfiseem het (kortasemigheid met ’n hoes).
- as jy ’n vergrote prostaat het.
- as jy nouhoekgloukoom het (hoë druk in die oog).
- as jy hartprobleme het.

- as jy ’n mediese geskiedenis van aanvalle het.
- as jy aan akute asma-aanvalle ly.
- as jy vir veltoetse vir allergieë geskeduleer is, moet jy nie LORFAST 48 uur voor die toets neem nie, omdat dit die toetsresultate kan beïnvloed.

**Ander medisyne en LORFAST**

Lig jou gesondheidsorgverskaffer altyd in as jy enige ander medisyne neem (insluitend aanvullende of tradisionele medisyne).

Die newe-effekte van LORFAST kan toeneem wanneer dit saam met medisyne gebruik word wat die werking van sekere ensieme beïnvloed wat verantwoordelik is vir die afbreek van medisyne in die lewer. Hierdie medisyne sluit in: simetidien (’n middel wat gebruik word om maagsuurproduksie te verminder), ketokonasool (’n middel wat gebruik word om swaminfeksies te behandel), klaritromisien en eritromisien (antibiotika wat gebruik word om verskeie bakteriële infeksies te behandel).

Lig jou dokter, apteker of verpleegkundige in indien jy enige ander medisyne neem, onlangs geneem het, of moontlik mag neem. Dit sluit medisyne in wat sonder ’n voorskrif geneem word.

**LORFAST en alkohol**

LORFAST kan die effekte van alkohol versterk.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

Raadpleeg jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies voordat jy LORFAST gebruik indien jy swanger is of borsvoed.

As ‘n voorsorgmaatreël is dit verkieslik om die gebruik van LORFAST tydens swangerskap te vermy.

Moenie LORFAST gebruik indien jy borsvoed nie. Loratadien word in borsmelk uitgeskei.

**Bestuur en gebruik van masjinerie**

Daar word nie verwag dat LORFAST, teen die aanbevole dosis, lomerigheid of swakker waaksaamheid sal veroorsaak nie. In seldsame gevalle kan sommige mense wel lomerigheid ervaar wat bestuur of gebruik van masjinerie kan beïnvloed.

Toets jou reaksie voordat jy bestuur of ingewikkelde take uitvoer.

Sedasie kan voorkom indien jy LORFAST saam met alkohol of ander sentrale senuweestelsel-depressante gebruik.

**3. Hoe om LORFAST te neem**

Moet nooit medisyne wat vir jou voorgeskryf is met iemand anders deel nie. Neem LORFAST altyd presies soos aangedui in die pamflet of soos jou dokter of apteker aanbeveel het. Kontroleer met jou dokter of apteker as jy onseker is.

- Die normale dosis vir volwassenes is een tablet eenmaal per dag.

**As jy te veel LORFAST geneem het**

In die geval van oordosering, raadpleeg dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

**As jy vergeet het om LORFAST te neem**

Moenie ’n dubbele dosis neem om vir ’n vergete individuele dosis te vergoed nie.

**4. Moontlike newe-effekte**

**LORFAST kan newe-effekte hê.**

Nie alle newe-effekte wat vir LORFAST aangeld word, is in hierdie pamflet gelys nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of as jy enige ongewenste effekte ervaar as jy hierdie medisyne neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige raadpleeg vir advies

Indien enige van die volgende gebeur, staak die gebruik van LORFAST en lig jou dokter dadelik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- uitslag
- allergiese reaksies
- anafilakse (ernstige lewensgevaarlike allergiese reaksie)

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As jy bogenoemde ervaar het, kon jy ‘n ernstige allergiese reaksie teen LORFAST gehad het. Jy mag dringend mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter onmiddellik in of gaan na die noodgevalle-afdeling by jou naaste hospitaal as jy enige van die volgende opmerk:

- ’n verhoogde hartklop
- hartkloppings (onaangename sensasie of onreëlmatigheid en/of kragtige hartklop)

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy mag dringend mediese aandag benodig.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende opmerk:

Gereelde newe-effekte:

- hoofpyn
- lomerigheid
- verwarring
- nagmerries
- dowwe visie
- droë mond
- naarheid (mislike gevoel)
- gastritis (inflammasie, swelling en rooiheid van die voering van die maag),
- verhoogde eetlus,
- tamheid (moegheid).

Minder gereelde newe-effekte:

- sedasie
- senuweeagtigheid
- haarverlies

Lig asseblief jou dokter of apteker in as jy enige newe-effek ervaar wat nie in hierdie pamflet opgeneem is nie.

**Aanmelding van newe-effekte**

Indien jy newe-effekte ervaar, praat met jou dokter, apteker of verpleegkundige. Jy kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld *via* die “6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form”, wat aanlyn beskikbaar is onder SAHPRA se publikasies:

https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, help jy om meer inligting oor die veiligheid van LORFAST te verskaf.

**5. Hoe om LORFAST te bewaar**

- Bewaar LORFAST tablette by of onder 25 °C.
- Beskerm teen vog.
- Hou die tablette in die oorspronklike stulpstrookverpakking.
- Moenie LORFAST tablette ná die vervaldatum op die karton gebruik nie.
- Neem ongebruikte of vervalde medisyne terug na jou apteker toe vir veilige vernietiging.
- Bewaar alle medisyne buite die bereik van kinders.

**6. Inhoud van die verpakking en ander inligting**

**Wat LORFAST bevat**

Die aktiewe bestanddeel is loratadien

Die ander bestanddele is: kalsiumwaterstoffosfaat, kolloïdale watervrye silika, magnesiumstearaat, mieliestysel, gesuiwerde talk, gesuiwerde water, natriumstyselglikolaat.

**Hoe LORFAST lyk en inhoud van die verpakking**

Ronde, plat, gladde wit tablet met skuins rande, ’n breeklyn aan die een kant en “LFT” ingepers aan die ander kant.

**Inhoud van die pakkie:**

**10's:** Stulpstrookverpakking (bestaande uit deursigtige PVC en silwerkleurige aluminiumfoelie rugkant) met 10 tablette in 'n kartonhouer.

**30's:** Drie stulpstrookverpakkings (bestaande uit deursigtige PVC en silwerkleurige aluminiumfoelie rugkant) met 10 tablette elk, in 'n karton.

**100's:** Twee stulpstrookverpakkings (bestaande uit deursigtige PVC en silwerkleurige aluminiumfoelie rugkant) met 50 tablette in 'n karton.

**Houer van Registrasiesertifikaat**

RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD.

Lautreweg 14

Stormill, Uitbreiding 1

Roodepoort

1724

**Hierdie pamflet is laas hersien op**

08 Desember 2025

**Registrasienommers**

A38 / 5.7.1/ 0621(S.A.)

S2 BOT 0801397 (Botswana) (10's & 30's)

NS1 07/5.7.1/00752 (Namibië)